



NGB Artikel 19

In die vorige artikel is daar aandag geskenk aan die historiese verloop van die debat rakende die twee nature van Jesus Christus. Nou verskuif die fokus na inhoudelike kommentaar. Dit gaan telkens gedoen word (of gemeet word) aan die Chalcedon formule: *Hy is een en dieselfde Christus, Seun, Here, Eniggebore, erken as synde van twee nature wat nie verwar kan word nie, nie kan verander nie, nie verdeel kan word nie en nie uit mekaar gehaal kan word nie. (Sonder vermenging, sonder verandering, sonder verdeeldheid, sonder verdeling/skeiding).* Die NGB Artikel 19 lui as volg:

DIE TWEE NATURE VAN CHRISTUS

Ons glo dat deur hierdie ontvangenis die Persoon van die Seun onafskeidelik met die menslike natuur verenig en verbind is; dat daar dus nie twee Seuns van God of twee persone is nie, maar twee nature in een Persoon verenig, terwyl elke natuur nogtans sy onderskeie eienskappe behou. Net soos die Goddelike natuur altyd ongeskape gebly het, sonder begin van dae of lewenseinde (Heb. 7:3) en hemel en aarde vervul, só het ook die menslike natuur sy eienskappe nie verloor nie; dit het skepsel gebly, wat wel 'n begin van dae het, eindig van natuur is en alles behou wat by 'n ware liggaam behoort.

Hoewel Hy daaraan deur sy opstanding onsterflikheid gegee het, het Hy die egtheid van sy menslike

natuur nie verander nie, omdat ons saligheid en ons opstanding ook van die egtheid van sy liggaam afhanklik is. Hierdie twee nature is só saam in een Persoon verenig dat hulle selfs deur sy dood nie van mekaar geskei was nie.

Dit wat Hy by sy sterwe in die hande van sy Vader oorgegee het, was dus 'n ware menslike gees wat uit sy liggaam uitgegaan het. Die Goddelike natuur het in die tussentyd steeds met die menslike natuur verenig gebly, ook toe Hy in die graf gelê het. Die Godheid het nie opgehou om in Hom te wees nie; dit was in Hom toe Hy 'n klein kindjie was, al het die Godheid Hom toe 'n kort tydjie nie geopenbaar nie. Ons bely daarom dat Hy ware God en ware mens is: ware God om deur sy krag die dood te oorwin, maar ook ware mens om deur die swakheid van sy vlees vir ons te kon sterwe.

Die teks van die NGB word in **vetdruk** herhaal en dan volg kommentaar op daardie spesifieke stuk.

DIE TWEE NATURE VAN CHRISTUS

Ons glo dat deur hierdie ontvangenis die Persoon van die Seun onafskeidelik met die menslike natuur verenig en verbind is;

Wanneer ons met ons geloofsbelydenis stel dat Jesus Christus ontvang is van die Heilige Gees, verwoord ons 'n waarheid wat ons nooit kan verstaan, verklaar of ten volle begryp nie. Dit is ons nie beskore om in hierdie bedeling die proses te verstaan nie. In die lig van die onbegryplike geheimenis waarmee ons besig is, moet

ons dan stel dat ons hier beeldende (metaforiese) taal gebruik. Ons het geen ander verwysing wat gebruik kan word om hierdie “ontvangenis” aan te meet of mee te vergelyk nie. Al wat ons kan stel, is dat die konsep van “ontvangenis” daardie gebeurtenis en resultaat beskryf wat maak dat ons kan stel dat God mens geword het. Die Tweede Persoon van die Triniteit het deel van menslike natuur geword. Ons kan ook nie die omvang en diepte van die vereniging en verbinding verwoord nie, ons kan net weet dat dit ‘n onafskeidbare eenheid tot gevolg gehad het. Hierdie “ontvangenis” het tot gevolg gehad dat die Tweede Persoon ook as ware mens geken kan word.

Ons verstaan van hierdie gebeurtenis is van groot belang. Ten tye van die opstel van die NGB was die Anabaptise die kettters wat gestel het dat Maria net ‘n voertuig was vir die dra van ‘n spesiale klas mens – Jesus. Die Anabaptiste se standpunt het met ander woorde ontken dat Jesus ten volle in die mensdom ingetree het, dat Jesus nie RH bloed aan die kruis gestort het nie. Indien Jesus ‘n spesiale klas mens was, was Hy nie werklik een van ons nie en dan is ons nog verlore in ons sonde.

In antwoord op die moderniste en hulle histories-kritiese benaderings is dit vandag belangrik om in ons belydenis te bly by dit wat ons in die Bybel lees. Jesus het nie Seun van God geword nie, Hy was nie ‘n Shamaan wat mense gelei het nie, Hy het nie as vaderlose figuur God as vader aangeneem nie. Hy is die Seun van God, wat na die ‘ontvangenis’ ware mens is. Die NGB gebruik die woord “deur” om aan te dui dat iets gebeur het en dan kan ons net kennis neem van die resultaat.

In terme van die Chalcedon formule stel ons hier: *Sonder vermenging, sonder verandering, sonder verdeeldheid, sonder verdeling/skeiding* – die menswording van die Seun was nie ‘n fase nie, was nie ‘n gebeurtenis wat net een stadium in die geskiedenis afspeel nie. Die resultaat van hierdie menswees is onherroepbaar.

dat daar dus nie twee Seuns van God of twee persone is nie maar twee nature in een Persoon verenig,

Dit is belangrik om die onderskeid wat getref word hier duidelik raak te sien. Daar is net een Persoon. Die ‘ontvangenis’ het nie tot gevolg gehad dat daar skielik twee Seuns van God is nie. Die Tweede Persoon – die Seun van God – het uit vrye wil mens geword, die Seun van God gebly. Die Seun van God en die Seun van die mens is een en dieselfde persoon. Jesus was ook nie, in vandag se terme, gesplete persoonlikheid het nie.

Die ‘ontvangenis’ het ook nie tot gevolg gehad dat daar twee mense met die naam Jesus van Nasaret op die aarde beweeg het nie. Jesus is die Een en enigste persoon. Wat wel aangedui moet word is dat hierdie een persoon op wonderbaarlike wyse twee nature is. Die keuse om te stel dat Jesus twee nature is, het te make met ‘n poging om aan te dui dat Jesus se twee nature Sy een wese is. Hy is nie ‘n afsonderlike wese wat ‘ander’ nature het nie, Hy is waarlik mens en waarlik God.

In terme van die Chalcedon formule stel ons hier: *Sonder vermenging, sonder verandering, sonder verdeeldheid, sonder verdeling/skeiding* – die menswording het nie twee nature met mekaar vermeng nie, die twee nature het elk in eie reg

werklikheid gebly sonder dat daar sprake van dualisme kan wees.

terwyl elke natuur nogtans sy onderskeie eienskappe behou.

Die aard van die 'ontvangenis' raak net meer 'n misterie. Dit is nie binne ons vermoë om te begryp hoe dit moontlik is nie. Ons weet egter dat dit noodsaaklik is dat geen vermenging mag geskied nie. Jesus moet ten volle mens wees om ons sondes te kan dra, Jesus moet ten volle God wees om ons sondes te kan wegdra. Sou enige eienskappe vermeng, sou die verlossingsdaad in die slag bly.

Jesus is ware mens, wat beteken dat Hy in alles ons gelyk is (uitgesonder die sonde). Om dit anders te stel, indien jy vanuit 'n hoogte na 'n groep mense sou kyk en een van hulle is Jesus, sou jy nie weet dat dit Hy is; indien jy Hom nie voor die tyd geken het nie. Jesus is deur al Sy tydgenote as ware en volle mens ervaar. In terme van die Chalcedon formule stel ons hier: Sonder vermenging, sonder verandering, sonder verdeeldheid, sonder verdeling/skeiding – Jesus was nie supermens of swakkegod nie.

Net soos die Goddelike natuur altyd ongeskape gebly het, sonder begin van dae of lewenseinde en hemel en aarde vervul,

Die lys van sake wat die Goddelike natuur beskryf, is eindeloos. Die NGB dui deur 'n uittreksel van voorbeelde aan dat Jesus se Goddelike natuur ten volle bely kan word. Jesus is gelyk ongeskape, tydloos en onsterflik. Juis hierdie eienskappe word genoem omdat hierdie eienskappe ten opsigte van menslikheid bo-aan die lys staan. (Hebreërs 7:3 "*sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister,*

sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur.") Jesus se "ware God" impliseer dat Hy na Sy Goddelike natuur ten volle God gebly het. Ons weet nie hoe dit moontlik is nie, ons kan dit net glo. In terme van die Chalcedon formule stel ons hier: Sonder vermenging, sonder verandering, sonder verdeeldheid, sonder verdeling/skeiding – Geen deel van die menslike natuur het ingedring op die Goddelike natuur nie, daar is nie enige aspek van Jesus se Goddelikheid wat deur menslike eienskappe vervang is nie. Daar is ook nie eienskappe wat met die menslike vermeng het nie. Die Goddelike natuur bly suiwer Goddelik.

só het ook die menslike natuur sy eienskappe nie verloor nie; dit het skepsel gebly, wat wel 'n begin van dae het, eindig van natuur is en alles behou wat by 'n ware liggaam behoort.

Die Tweede Persoon se menswording was 'n alles-omvattende gebeurtenis. Jesus van Nasaret was ten volle mens, soos ons in alle aspekte van menswees. Hy is ten volle skepsel met alles na anatomie en gees wat elke ander mens het. Hy kon bloei, hy het honger geword en alles ervaar wat ons as mense belewe, Hy sou selfs oud kon word en van hoë ouderdom sterf. In terme van die Chalcedon formule stel ons hier: Sonder vermenging, sonder verandering, sonder verdeeldheid, sonder verdeling/skeiding – geen deel van Jesus se menswees is vervang met 'n Goddelike eienskap nie. Geen Goddelike eienskap het vermeng met Sy menslikheid nie.

Hoewel Hy daaraan deur sy opstanding onsterflikheid gegee het,

het Hy die egtheid van sy menslike natuur nie verander nie, omdat ons saligheid en ons opstanding ook van die egtheid van sy liggaam afhanklik is.

Die opstanding is 'n unieke historiese geskiedenis. Met die opstanding uit die dood is die skepping herskep. Jesus is die eerste mens wat uit die dood kon opstaan. Na die opstanding is Hy na liggaam herskep tot 'n nuwe menswees, 'n menswees wat die hemel kan ingaan. Hy het steeds ten volle mens gebly, soos blyk uit die feit dat Sy dissipels aan Hom kon raak en Hy voor hulle oë vis geëet het.

Jesus se ware en volle liggaamlike opstanding is vir ons van besondere belang omdat dit ons waarborg is dat Hy die weg gebaan het, dat ook ons deur God opgewek kan en sal word.

Hierdie twee nature is só saam in een Persoon verenig dat hulle selfs deur sy dood nie van mekaar geskei was nie.

Die menswording van Jesus het op so 'n manier geskied dat dit vir ewig sal wees. Nie eens die dood kon maak dat hierdie twee nature van mekaar geskei is nie. In hierdie stelling is daar 'n geweldige troos opgesluit. Die Tweede Persoon se menswording is 'n onherroeplike gebeurtenis wat dien tot waarborg dat ons saligheid nie omkeerbaar is nie.

Dit wat Hy by sy sterwe in die hande van sy Vader oorgegee het, was dus 'n ware menslike gees wat uit sy liggaam uitgegaan het.

Die dood van Jesus was nie anders as ander mense se afsterwe nie. Net soos ons sterf, so het Jesus gesterf. 'n Onkundige en onafhanklike waarnemer

sou geen onderskeid kon aandui tussen ons afsterwe en Jesus se dood nie. 'n Mediese kundige sou kon aandui dat Jesus se afsterwe medies analiseer kan word.

Die Goddelike natuur het in die tussentyd steeds met die menslike natuur verenig gebly, ook toe Hy in die graf gelê het.

Ons bely dat Jesus na Sy Goddelike natuur nie onttrek het nie. Daar is geen manier om te bewys dat bogenoemde stelling getoets kan word nie. Ons weet wel dat dit die waarheid is omdat Hy uit die dood opgewek is.

Die Godheid het nie opgehou om in Hom te wees nie; dit was in Hom toe Hy 'n klein kindjie was, al het die Godheid Hom toe 'n kort tydjie nie geopenbaar nie.

In hierdie gedeelte kom daar 'n baie belangrike onderskeid na vore. Dit is die verskil tussen wese en openbaring. Die feit dat Jesus van geboorte die twee nature was, kan vir baie mense 'n struikelblok in hulle verstaan wees. Jesus se Godheid was nog altyd daar. Sy Goddelikheid het Hy net nooit geopenbaar nie.

Ons bely daarom dat Hy ware God en ware mens is: ware God om deur sy krag die dood te oorwin, maar ook ware mens om deur die swakheid van sy vlees vir ons te kon sterwe.

Jesus was ware mens om ons sonde te dra, Hy is ware God om ons sonde te kan wegdra. Hierdie belydenis geskied in gelowige dankbaarheid.